REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

# GOVERNMENT GAZETTE

## FOR THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**R1,00** Prys • Price
**R0,10** Plus 10% BTW • VAT
**R1,10** Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,40** Other countries
Posvry • Post free

VOL. 325 — KAAPSTAD, 1 JULIE 1992 — CAPE TOWN, 1 JULY 1992 — No. 14078

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1771. 1 Julie 1992

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 82 van 1992: Maatskappywysigingswet, 1992.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1771. 1 July 1992

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 82 of 1992: Companies Amendment Act, 1992.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Maatskappywet, 1973, ten einde die omskrywings van "beheerde maatskappy" en "beherende maatskappy" te skrap en "filiaal" te heromskryf; die omskepping van verklaarde kapitaal in aandelekapitaal verder te reël; die aanwending van die aandelepremierekening van 'n maatskappy vir sekere doeleindes te beperk; ander voorsiening te maak met betrekking tot die kennisgewing van sekere vergaderings en die besonderhede wat ten opsigte van die direkteure van 'n maatskappy in 'n sekere register aangeteken moet word; 'n vermoede te skep met betrekking tot sekere transaksies wat sonder die vereiste toestemming van al sy lede deur 'n maatskappy aangegaan is; die bepalings in verband met die bedanking van die ouditeur van 'n maatskappy en die aanstelling van 'n ander ouditeur te verander; die inhoud van die register van vaste bate van 'n maatskappy verder te bepaal; die vereistes van sekere finansiële jaarstate nader te omskryf; en sekere verouderde verwysings te skrap of te vervang; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 18 Junie 1992.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 76 van 1974, artikel 1 van Wet 64 van 1977, artikel 26 van Proklamasie 234 van 1978, artikel 1 van Wet 84 van 1980, artikel 1 van Wet 83 van 1981, artikel 1 van Wet 29 van 1982 en artikel 1 van Wet 31 van 1986**

**1.** Artikel 1 van die Maatskappywet, 1973 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die omskrywings van "beheerde maatskappy" en "beherende maatskappy" te skrap; en

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) *(a)* By die toepassing van hierdie Wet word 'n maatskappy geag 'n filiaal van 'n ander maatskappy te wees indien—

(i) daardie ander maatskappy 'n lid daarvan is en—

*(aa)* 'n meerderheid van die stemregte daarin hou; of

*(bb)* die reg het om direkteure wat 'n meerderheid van die stemregte op vergaderings van die direksie hou, aan te stel of af te dank; of

*(cc)* alleenbeheer het oor 'n meerderheid van die stemregte daarin, hetsy ingevolge 'n ooreenkoms met ander lede of andersins; of

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Companies Act, 1973, so as to delete the definitions of "controlled company" and "controlling company" and redefine "subsidiary"; to further regulate the conversion of stated capital into share capital; to restrict the application of the share premium account of a company for certain purposes; to make different provision in relation to the notice of certain meetings and the particulars required to be entered in a certain register in respect of the directors of a company; to create a presumption in relation to certain transactions effected by a company without the required consent of all its members; to alter the provisions in connection with the resignation of the auditor of a company and the appointment of another auditor; to further determine the contents of the register of fixed assets of a company; to further circumscribe the requirements of certain annual financial statements; and to delete or replace certain obsolete references; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 18 June 1992.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 61 of 1973, as amended by section 1 of Act 76 of 1974, section 1 of Act 64 of 1977, section 26 of Proclamation 234 of 1978, section 1 of Act 84 of 1980, section 1 of Act 83 of 1981, section 1 of Act 29 of 1982 and section 1 of Act 31 of 1986**

**1.** Section 1 of the Companies Act, 1973 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (1) of the definitions of "controlled company" and "controlling company"; and

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) *(a)* For the purposes of this Act, a company shall be deemed to be a subsidiary of another company if—

(i) that other company is a member of it and—

*(aa)* holds a majority of the voting rights in it; or

*(bb)* has the right to appoint or remove directors holding a majority of the voting rights at meetings of the board; or

*(cc)* has the sole control of a majority of the voting rights in it, whether pursuant to an agreement with other members or otherwise; or

(ii) dit 'n filiaal is van 'n maatskappy wat 'n filiaal van daardie ander maatskappy is; of

(iii) filiale van daardie ander maatskappy of daardie ander maatskappy en sy filiale tesame die regte bedoel in subparagraaf (i)*(aa)*, *(bb)* of *(cc)* hou.

*(b)* Om vas te stel of 'n maatskappy die meerderheid van die stemregte hou soos beoog in paragraaf *(a)*(i)*(aa)*—

(i) word stemregte wat slegs in sekere omstandighede uitoefenbaar is, in ag geneem slegs—

*(aa)* wanneer daardie omstandighede ontstaan het en vir so lank as wat dit voortduur; of

*(bb)* wanneer daardie omstandighede onder die beheer is van die persoon wat die stemregte hou;

(ii) word stemregte wat 'n persoon in 'n fidusiêre hoedanigheid hou, beskou asof dit nie deur hom gehou word nie, maar deur die bevoordeelde van daardie stemregte;

(iii) word stemregte wat deur 'n persoon as genomineerde vir 'n ander persoon gehou word, beskou asof dit nie deur hom gehou word nie, maar deur daardie ander persoon, en word stemregte geag deur 'n genomineerde vir 'n ander persoon gehou te word indien dit slegs in opdrag van daardie ander persoon of met sy toestemming of instemming uitoefenbaar is.

*(c)* 'n Regspersoon of ander onderneming wat 'n filiaal van 'n maatskappy sou gewees het indien die regspersoon of ander onderneming 'n maatskappy was, word geag 'n filiaal van daardie maatskappy te wees.".

**Wysiging van artikel 75 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 111 van 1976 en artikel 6 van Wet 31 van 1986**

**2.** Artikel 75 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(4) Indien, in die geval van 'n maatskappy wat sy aandelekapitaal kragtens subartikel (1)*(f)* omskep het en te eniger tyd daarna 'n spesiale besluit geneem het om sy verklaarde kapitaal te omskep soos beoog in subartikel (1)*(g)*, aandele wat niemand ten tyde van die aanname van daardie spesiale besluit opgeneem het of onderneem het om op te neem nie—

*(a)* omskep word soos aldus beoog, is subartikel (3)*(a)* *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van enige bedrag waarmee die aandelekapitaal van die maatskappy vermeerder word, watter bedrag die bedrag is waarmee die nominale aandelekapitaal na die omskepping kragtens subartikel (1)*(g)* die nominale aandelekapitaal voor die omskepping kragtens subartikel (1)*(f)* oorskry;

*(b)* nie omskep word soos aldus beoog nie, moet daardie aandele *mutatis mutandis* ooreenkomstig subartikel (1)*(h)* ingetrek word.".

**Wysiging van artikel 76 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 76 van 1974**

**3.** Artikel 76 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die aandelepremierekening kan, nieteenstaande enigiets in subartikel (1) vervat, deur die maatskappy aangewend word—

*(a)* ter opbetaling van onuitgereikte aandele van die maatskappy om aan lede van die maatskappy as volopbetaalde kapitalisasie-aandele uitgereik te word; **[of]**

*(b)* ter afskrywing van—

**[*(a)*]** (i) die voorlopige uitgawes van die maatskappy; of

**[(b)]** (ii) die uitgawes van, of die kommissie betaal of diskonto toegestaan by, die skepping of uitreiking van aandele **[of skuldbriewe]** van die maatskappy; of

*(c)* ter voorsiening van die premie wat op die aflossing van aflosbare voorkeuraandele **[of van skuldbriewe]** van die maatskappy betaalbaar is: Met dien verstande dat—

(ii) it is a subsidiary of any company which is a subsidiary of that other company; or

(iii) subsidiaries of that other company or that other company and its subsidiaries together hold the rights referred to in subparagraph (i)*(aa)*, *(bb)* or *(cc)*.

*(b)* In determining whether a company holds the majority of the voting rights as contemplated in paragraph *(a)*(i)*(aa)*—

(i) voting rights which are exercisable only in certain circumstances shall be taken into account only—

*(aa)* when those circumstances have arisen, and for so long as they continue; or

*(bb)* when those circumstances are under the control of the person holding the voting rights;

(ii) voting rights held by a person in a fiduciary capacity shall be treated as not held by him but by the beneficiary of such voting rights;

(iii) voting rights held by a person as nominee for another person shall be treated as not held by him but by that other person, and voting rights shall be deemed to be held by a nominee for another person if they are exercisable only on the instructions or with the consent or concurrence of that other person.

*(c)* A body corporate or other undertaking which would have been a subsidiary of a company had the body corporate or other undertaking been a company shall be deemed to be a subsidiary of that company.".

**Amendment of section 75 of Act 61 of 1973, as amended by section 5 of Act 111 of 1976 and section 6 of Act 31 of 1986**

**2.** Section 75 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(4) If, in the case of a company which has converted its share capital under subsection (1)*(f)* and at any time thereafter passed a special resolution to convert its stated capital as contemplated in subsection (1)*(g)*, shares which at the time of the passing of that special resolution have not been taken or agreed to be taken by any person—

*(a)* are converted as so contemplated, subsection (3)*(a)* shall apply *mutatis mutandis* in respect of any amount by which the share capital of the company is increased, which amount shall be the amount by which the nominal share capital after the conversion under subsection (1)*(g)* exceeds the nominal share capital before the conversion under subsection (1)*(f)*;

*(b)* are not converted as so contemplated, those shares shall be cancelled *mutatis mutandis* in accordance with subsection (1)*(h)*.".

**Amendment of section 76 of Act 61 of 1973, as amended by section 5 of Act 76 of 1974**

**3.** Section 76 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The share premium account may, notwithstanding anything contained in subsection (1), be applied by the company—

*(a)* in paying up unissued shares of the company to be issued to members of the company as fully paid capitalization shares; **[or]**

*(b)* in writing off—

**[*(a)*]** (i) the preliminary expenses of the company; or

**[*(b)*]** (ii) the expenses of, or the commission paid or discount allowed on, the creation or issue of any shares **[or debentures]** of the company; or

*(c)* in providing for the premium payable on redemption of any redeemable preference shares **[or of any debentures]** of the company: Provided that—

(i) sodanige premie nie aldus voorsien word nie tensy dit volgens die uitreikingsvoorwaardes van die betrokke aandele betaalbaar is en sodanige voorwaardes in die statute van die maatskappy opgeneem is vanaf 'n datum voor die datum waarop sodanige aandele toegewys en uitgereik is of op die later datum wat die Hof op aansoek toelaat;

(ii) in die geval van gewone aandele wat in aflosbare voorkeuraandele met 'n premie omskep word, slegs daardie gedeelte van die bedrag tot die krediet van die aandelepremierekening wat voortgespruit het uit die oorspronklike uitreiking van daardie aandele, aangewend mag word ter voorsiening van die premie betaalbaar op aflossing;

(iii) die bepalings van paragrawe (i) en (ii) van hierdie voorbehoudsbepaling nie van toepassing is nie op aflosbare voorkeuraandele wat voor die inwerkingtreding van die Maatskappywysigingswet, 1992, uitgereik is.".

**Wysiging van artikel 186 van Wet 61 van 1973**

**4.** Artikel 186 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) word 'n vergadering van 'n maatskappy geag behoorlik belê te gewees het—

*(a)* in die geval van 'n vergadering wat belê is met 'n korter kennisgewingstydperk as wat in daardie subartikel voorgeskryf is of in die maatskappy se statute bepaal is, **[geag behoorlik belê te gewees het]** indien daar voor of by die vergadering aldus ooreengekom word deur 'n meerderheid in getal van die lede geregtig om die vergadering by te woon en daar te stem wat minstens vyf-en-negentig persent van die totale stemme hou van al die lede van die maatskappy wat die reg het om te stem; of

*(b)* in die geval van 'n vergadering ten opsigte waarvan daar nie kennis in subartikel (1)*(a)* bedoel, gegee is nie, indien daar voor of by die vergadering skriftelik aldus ooreengekom word deur al die lede van die maatskappy.".

**Wysiging van artikel 215 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 59 van 1978 en artikel 7 van Wet 18 van 1990**

**5.** Artikel 215 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subparagraaf (ii) van paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) die naam en **[geregistreerde kantoor]** registrasienommer van elke ander maatskappy waarvan sodanige direkteur 'n direkteur is;".

**Wysiging van artikel 226 van Wet 61 van 1973, soos vervang deur artikel 19 van Wet 111 van 1976 en gewysig deur artikel 21 van Wet 64 van 1977 en artikel 5 van Wet 29 van 1985**

**6.** Artikel 226 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf *(a)* van subartikel (2) die woorde wat op subparagraaf (iv) volg deur die volgende woorde te vervang:

"met die voorafverkreë toestemming van al die lede van die maatskappy of ingevolge 'n spesiale besluit betreffende 'n bepaalde transaksie: Met dien verstande dat ten opsigte van enige sodanige lening gemaak of sekuriteit voorsien te eniger tyd voor die datum van inwerkingtreding van die Maatskappywysigingswet, 1992, sodanige toestemming geag word verleen te wees indien die betrokke transaksie agterna, hetsy voor of na daardie datum, deur al die lede van die maatskappy bekragtig is; of".

**Wysiging van artikel 227 van Wet 61 van 1973**

**7.** Artikel 227 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

(i) such premium shall not be so provided unless it is payable according to the terms of issue of the shares concerned and such terms have been embodied in the articles of the company as from a date prior to the date on which such shares were allotted and issued or on such later date as may be allowed by the Court on application to it;

(ii) in the case of ordinary shares which are converted into redeemable preference shares redeemable at a premium, only that portion of the amount standing to the credit of the share premium account which arose on the original issue of such shares may be applied in providing for the premium payable on redemption;

(iii) the provisions of paragraphs (i) and (ii) of this proviso shall not apply in respect of redeemable preference shares issued before the commencement of the Companies Amendment Act, 1992.".

**Amendment of section 186 of Act 61 of 1973**

**4.** Section 186 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), a meeting of a company shall be deemed to have been duly called—

*(a)* in the case of a meeting which is called on a shorter period of notice than is prescribed in that subsection or provided for in the company's articles, **[shall be deemed to have been duly called]** if it is so agreed, before or at the meeting, by a majority in number of the members having a right to attend and vote at the meeting who hold not less than ninety-five percent of the total voting rights of all the members of the company; or

*(b)* in the case of a meeting in respect of which notice as contemplated in subsection (1)*(a)* has not been given, if it is so agreed in writing, before or at the meeting, by all the members of the company.".

**Amendment of section 215 of Act 61 of 1973, as amended by section 14 of Act 59 of 1978 and section 7 of Act 18 of 1990**

**5.** Section 215 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subparagraph (ii) of paragraph *(a)* of subsection (1) of the following subparagraph:

"(ii) the name and **[registered office]** registration number of every other company of which such director is a director;".

**Amendment of section 226 of Act 61 of 1973, as substituted by section 19 of Act 111 of 1976 and amended by section 21 of Act 64 of 1977 and section 5 of Act 29 of 1985**

**6.** Section 226 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph *(a)* of subsection (2) for the words following upon subparagraph (iv) of the following words:

"with the prior consent of all the members of the company or in terms of a special resolution relating to a specific transaction: Provided that in respect of any such loan made or security provided at any time before the date of commencement of the Companies Amendment Act, 1992, such consent shall be deemed to have been given if the transaction concerned has subsequently, whether before or after that date, been ratified by all the members of the company; or".

**Amendment of section 227 of Act 61 of 1973**

**7.** Section 227 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Geen maatskappy mag 'n betaling doen of 'n voorreg of voordeel verleen nie aan 'n direkteur of voormalige direkteur van die maatskappy of van sy **[beheerde maatskappy of beherende maatskappy of van 'n maatskappy beheer deur sy beherende maatskappy]** filiaalmaatskappy of houermaatskappy of van 'n filiaal van sy houermaatskappy—".

**Wysiging van artikel 275 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 24 van Wet 64 van 1977 en artikel 28 van Wet 80 van 1991**

**8.** Artikel 275 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(g)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(g)* nie gekwalifiseer is nie om as sodanig op te tree kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, **[1951 (Wet No. 51 van 1951)]** 1991 (Wet No. 80 van 1991)."; en

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die bepalings van subartikel (1) word nie uitgelê nie as 'n verbod op die aanstelling as ouditeur van 'n private maatskappy waarvan geen aandele deur 'n publieke maatskappy gehou word nie, van 'n persoon wat self of deur sy vennoot of werknemer gewoonlik of gereeld die pligte van sekretaris of boekhouer van so 'n private maatskappy verrig, indien hy kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, **[1951]** 1991, geregistreer is en al die aandeelhouers van so 'n private maatskappy skriftelik tot sy aanstelling toestem en die tersaaklike omstandighede in die verslag van die ouditeur oor die sake en jaarlikse finansiële state van so 'n private maatskappy uiteengesit word.".

**Vervanging van artikel 280 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 23 van Wet 111 van 1976**

**9.** Artikel 280 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Bedanking van ouditeur**

**280.** (1) Die ouditeur van 'n maatskappy kan te eniger tyd gedurende sy ampstermyn as sodanig bedank mits die vereistes van hierdie artikel nagekom word.

(2) 'n Ouditeur wat van voorneme is om te bedank, moet aan die maatskappy en aan die Registrateur 'n skriftelike kennisgewing in die voorgeskrewe vorm lewer met die strekking dat hy geen rede het om te glo dat 'n wesenlike onreëlmatigheid in die voer van die sake van die maatskappy plaasgevind het of plaasvind nie wat vir die maatskappy of enige van sy lede of skuldeisers finansiële verlies veroorsaak het of waarskynlik sal veroorsaak, uitgesonderd 'n onreëlmatigheid (indien daar is) waarvan hy die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, **[1951 (Wet No. 51 van 1951)]** 1991 (Wet No. 80 van 1991), in kennis gestel het, en dit is nie nodig nie dat so 'n ouditeur, vir die doeleindes van sodanige kennisgewing, 'n spesiale oudit uitgevoer het na die datum tot waarop die jongste finansiële jaarstate waaroor hy reeds verslag gedoen het, opgemaak is.

(3) By ontvangs van die bedoelde kennisgewing moet die direkteure van die maatskappy onverwyld 'n ouditeur aanstel om die vakature aan te vul en moet hulle die bedoelde kennisgewing saam met die opgawe kragtens artikel 276 vereis, by die Registrateur indien **[wat onverwyld die ouditeur wie se bedanking aangebied is, in kennis stel dat hy die bedoelde kennisgewing en opgawe ontvang het]**.

(4) Die bedanking van 'n ouditeur tree in werking by ontvangs deur **[hom van die bedoelde kennisgewing van]** die Registrateur van die skriftelike kennisgewing in subartikel (2) bedoel **[maar vir die doeleindes van die bedoelde opgawe word die bedanking geag plaas te gevind het op die dag van die aanstelling kragtens subartikel (3) van 'n ouditeur om die vakature veroorsaak deur die bedanking aan te vul]**.

"No company shall make any payment or grant any benefit or advantage to any director or past director of the company or of its **[controlled or controlling company or of any company controlled by its controlling]** subsidiary company or holding company or of any subsidiary of its holding company—".

**Amendment of section 275 of Act 61 of 1973, as amended by section 24 of Act 64 of 1977 and section 28 of Act 80 of 1991**

**8.** Section 275 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(g)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(g)* not qualified to act as such under the Public Accountants' and Auditors' Act, **[1951 (Act No. 51 of 1951)]** 1991 (Act No. 80 of 1991)."; and

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The provisions of subsection (1) shall not be construed as prohibiting the appointment as auditor of a private company no shares of which are held by a public company, of a person who by himself or his partner or employee habitually or regularly performs the duties of secretary or bookkeeper of such private company if he is registered under the Public Accountants' and Auditors' Act, **[1951]** 1991, and all the shareholders of such private company agree in writing to his appointment and the relevant circumstances are set out in the auditor's report on the affairs and annual financial statements of such private company.".

**Substitution of section 280 of Act 61 of 1973, as amended by section 23 of Act 111 of 1976**

**9.** The following section is hereby substituted for section 280 of the principal Act:

**"Resignation of auditor**

**280.** (1) The auditor of a company may at any time during the period of his office resign as such provided the requirements of this section are complied with.

(2) An auditor intending to resign shall deliver to the company and to the Registrar a written notification in the prescribed form to the effect that he has no reason to believe that in the conduct of the affairs of the company a material irregularity has taken place or is taking place which has caused or is likely to cause financial loss to the company or to any of its members or creditors, other than an irregularity (if any) which has been reported to the Public Accountants' and Auditors' Board in terms of the Public Accountants' and Auditors' Act, **[1951 (Act No. 51 of 1951)]** 1991 (Act No. 80 of 1991), and it shall not be necessary that such an auditor shall have carried out, for the purposes of such notification, a special audit subsequent to the date up to which the last annual financial statements on which he has already reported, were made up.

(3) The directors of the company shall forthwith upon receipt of the said written notification appoint an auditor to fill the vacancy and shall lodge the said notification together with the return required under section 276 with the Registrar **[who shall forthwith notify the auditor whose resignation has been tendered, of the receipt of the said notification and return]**.

(4) The resignation of an auditor shall become effective upon the receipt by **[him of the said notification by]** the Registrar of the written notification referred to in subsection (2) **[but shall for purposes of the said return be deemed to have taken place on the date of appointment under subsection (3) of an auditor to fill the vacancy caused by the resignation]**.

(5) Indien die direkteure versuim om binne drie maande na die ontvangs van die skriftelike kennisgewing in subartikel (2) bedoel 'n ouditeur aan te stel om die vakature aan te vul, is iemand wat—

*(a)* by die verstryking van daardie tydperk van drie maande 'n direkteur van die maatskappy was of 'n direkteur van die maatskappy geword het nadat daardie tydperk verstryk het en voor die vul van die vakature; en

*(b)* van die vakature bewus was, maar versuim het om alle redelike stappe te doen om te verseker dat dit ooreenkomstig subartikel (3) aangevul word,

saam met die maatskappy, gesamentlik en afsonderlik, aanspreeklik vir alle skulde wat gedurende die bestaan van die vakature deur die maatskappy opgeloop word.".

**Wysiging van artikel 284 van Wet 61 van 1973**

**10.** Artikel 284 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf *(b)* van subartikel (1) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n register van vaste bate wat die onderskeie datums van verkryging en die koste daarvan, depresiasie, as daar is, die datum van enige herwaardasie en die herwaardeerde bedrag, die onderskeie datums van vervreemdings en die vergoeding ten opsigte daarvan ontvang, aantoon:".

**Wysiging van artikel 286 van Wet 61 van 1973**

**11.** Artikel 286 van die Hoofwet word hierby gewysig deur na paragraaf *(b)* van subartikel (2) die volgende paragraaf in te voeg:

"*(b*A*)* 'n kontantvloeistaat;".

**Wysiging van artikel 289 van Wet 61 van 1973**

**12.** Artikel 289 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Behoudens artikel 290 kan groeps- finansiële jaarstate bestaan uit gekonsolideerde finansiële jaarstate ooreenkomstig artikel 286(2)*(a)* **[en]**, *(b)* en *(b*A*)* en synde—

(i) 'n gekonsolideerde balansstaat wat handel met die toestand van die sake van die maatskappy en al die filiale waarmee in die groepsfinansiële jaarstate gehandel moet word; **[en]**

(ii) 'n gekonsolideerde inkomstestaat wat handel met die wins of verlies van die maatskappy en daardie filiale; en

(iii) 'n gekonsolideerde kontantvloeistaat van die maatskappy en daardie filiale.".

**Wysiging van artikel 300 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 76 van 1974 en artikel 10 van Wet 31 van 1986**

**13.** Artikel 300 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(l)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(l)* om enige toepaslike vereistes van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, **[1951 (Wet No. 51 van 1951)]** 1991 (Wet No. 80 van 1991), na te kom.".

**Wysiging van artikel 441 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 30 van Wet 111 van 1976, artikel 29 van Wet 64 van 1977, artikel 27 van Wet 59 van 1978, artikel 16 van Wet 84 van 1980, artikel 30 van Wet 83 van 1981, artikel 11 van Wet 29 van 1985, artikel 15 van Wet 31 van 1986, artikel 5 van Wet 78 van 1989 en artikel 7 van Wet 69 van 1990**

**14.** Artikel 441 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf *(d)* van subartikel (1) die uitdrukking "320(2)" te skrap.

**Kort titel**

**15.** Hierdie Wet heet die Maatskappywysigingswet, 1992.

(5) If the directors fail to appoint an auditor to fill the vacancy within three months after the receipt of the written notification referred to in subsection (2), any person who—

*(a)* at the expiration of that period of three months was a director of the company or became a director of the company after that period has expired and before the filling of the vacancy; and

*(b)* was aware of the vacancy but failed to take all reasonable steps to ensure that it would be filled in accordance with subsection 3,

shall together with the company be jointly and severally liable for all debts incurred by the company during the existence of the vacancy.".

**Amendment of section 284 of Act 61 of 1973**

**10.** Section 284 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph *(b)* of subsection (1) for the words preceding the proviso of the following words:

"a register of fixed assets showing the respective dates of acquisition and the cost thereof, depreciation, if any, the date of any revaluation and the revalued amount, the respective dates of any disposals and the consideration received in respect thereof:".

**Amendment of section 286 of Act 61 of 1973**

**11.** Section 286 of the principal Act is hereby amended by the insertion of the following paragraph after paragraph *(b)* of subsection (2):

"*(b*A*)* a cash flow statement;".

**Amendment of section 289 of Act 61 of 1973**

**12.** Section 289 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* Subject to section 290, group annual financial statements may consist of consolidated annual financial statements in accordance with section 286(2)*(a)* **[and]**, *(b)* and *(b*A*)* and being—

(i) a consolidated balance sheet dealing with the state of affairs of the company and all the subsidiaries to be dealt with in group annual financial statements; **[and]**

(ii) a consolidated income statement dealing with the profit or loss of the company and those subsidiaries; and

(iii) a consolidated cash flow statement of the company and those subsidiaries.".

**Amendment of section 300 of Act 61 of 1973, as amended by section 21 of Act 76 of 1974 and section 10 of Act 31 of 1986**

**13.** Section 300 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(l)* of the following paragraph:

"*(l)* to comply with any applicable requirements of the Public Accountants' and Auditors' Act, **[1951 (Act No 51 of 1951)]** 1991 (Act No. 80 of 1991).".

**Amendment of section 441 of Act 61 of 1973, as amended by section 30 of Act 111 of 1976, section 29 of Act 64 of 1977, section 27 of Act 59 of 1978, section 16 of Act 84 of 1980, section 30 of Act 83 of 1981, section 11 of Act 29 of 1985, section 15 of Act 31 of 1986, section 5 of Act 78 of 1989 and section 7 of Act 69 of 1990**

**14.** Section 441 of the principal Act is hereby amended by the deletion in paragraph *(d)* of subsection (1) of the expression "320(2)".

**Short title**

**15.** This Act shall be called the Companies Amendment Act, 1992.

Gedruk deur Creda Press, Kaapstad, vir die Staatsdrukker, Pretoria, Tel. (012) 323-9731 X267—13500
Printed by Creda Press, Cape Town, for the Government Printer, Pretoria, Tel. (012) 323-9731 X267—13500